VOLKSBLAD, Saterdag
10 Aug 2013, p.3

Kinders eet te veel gemorskos by skole

Fanie van Rooyen

PRETORIA. – Laerskoolkinders eet en drink meestal gemorskos, lekkergoed, tjips en gaskoeldrank wat hulle vet kan maak en gesondheidsprobleme kan veroorsaak.

Dit is bevind in 'n opname van Nestlé Suid-Afrika om kinders se eetgewoontes wat betref gepakte kosblikke en snoepiewinkels te bepaal.

Die sogenaamde Tuckshop Truths-opname, wat in Junie deur Bateleur Brand Planning vir Nestlé uitgevoer is, het 20 laerskole in Gauteng en 652 ma's, met wie aanlyn-onderhoude gevoer is, betrek.

"Ons het bevind die meeste kinders kry hoofsaaklik 'prettige' voedsel soos gaskoeldrank, tjips en lekkergoed by skole wat hulle vet kan maak," het Naazneen Khan, bestuurder van voedingswaarde, gesondheid en welsyn by Nestlé, gesê.

"Dit is slegte nuus as 'n mens in ag neem kinders bring die meeste van hul tyd by die skool deur en dat 'n tekort aan noodsaaklike voedingstowwe gesondheidsprobleme later in hul lewe kan veroorsaak."

'n Oudit by dié skole het gewys die topverkopers (by 75% van snoepies) is telkens gaskoeldrank en tjips.

Ander gunstelinge, wat ook nie noodwendig baie gesond is nie, is pasteie, roosterbrood, warmsjokolade, roomys, worsbroodjies, kaas- of hoendertoebroodjies, spaghetti-bolognaise, pizza, springmielies en lekkergoed. Net 5% van snoepiebestuurders meen kinders eet gesond en 30% stem saam kinders eet "heeltemal te veel gemorskos".

Khan het gesê dit wil voorkom of min gedoen word om die situasie te verbeter. "Net 30% van snoepies verkoop vars vrugte, al word dit aangevra, en net 28% verkoop vars melk."

Baie snoepiebestuurders het aangedui hulle het al 'n poging aangewend om gesonder kos te verkoop, maar kinders stel nie daarin belang nie.

Hulle meen dit is ouers se plig om kinders op te voed oor hoe om gesond te eet.

Die opname het gewys 98% van ma's meen hulle voorsien hul kinders van gebalanseerde maaltye, maar 86% het gesê hulle dink hul kinders kry nie 'n gebalanseerde dieet nie.

Die helfte het gesê snoepies verkoop nie gesonde kos nie en 25% wil hê snoepies moet meer sulke kos verkoop, maar 22% het slaptjips gekies as 'n produk wat snoepies moet verkoop.

"Meer as 'n kwart van ouers stuur hul kinders skool toe sonder 'n gepakte kosblik en kinders moet dan op snoepies staatmaak," het Khan gesê.

"Ouers en snoepiebestuurders sal moet saamwerk om kinders te lei om beter gesondheidskeuses te maak. Ons kan nie die noodsaaklikheid van goeie voedingswaarde vir kinders oorbeklemtoon nie."

Die bevindinge strook met dié van die onlangse eerste Suid-Afrikaanse nasionale gesondheid-en-voedingswaarde-ondersoek-opname (SANHANES-1), waarin bevind is 51% van kinders vat nie kosblikke skool toe nie – party omdat niemand hulle help om dit te pak nie (18,3%) en ander omdat daar nie kos tuis is om in te pak nie (29,8%).

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.